HOËRSKOOL RANDBURG

**Algemene Oueromsendbrief nr. 13 van 2024**

17 Oktober 2024

*Verslag vanaf die Hoof en Voorsitter van die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg vir die Algemene Jaarvergadering wat aanlyn geskeduleer is soos per vorige kennisgewing.*

**(Volgende week Woensdag, 23 Oktober 2024 om 18:00 aanlyn via *Zoom* – registrasie-inligting reeds versprei)**

Geagte Ouers/Voogde

Hierdie skrywe poog om u, as ouer/voog, met kerninligting te bemagtig ten einde die voorgestelde begroting en ander vereiste resolusies in konteks te interpreteer.

Ons wil u aanmoedig om die vergadering by te woon aangesien 'n kworum van 15% van ons ouers vereis word ter wettiging van besluite rakende die vereiste resolusies, soos aan u voorgehou sal word.

Met die deur in die huis is ons dankbaar dat ons finansiële komitee die verhoging van skoolgelde vir 2025 tot onder 6% kon beperk. U sal saamstem dat ons almal se daaglikse uitgawes met meer as dit verhoog.

Skoolgelde is in beginsel 'n direkte funksie van twee elemente. Die een is leerdergetalle en die ander is die aantal personeel, wat natuurlik ons grootste uitgawe is.

- Ons is in die bevoorregte posisie dat ons leerdertal die laaste paar jaar groei en ons antisipeer weer 'n verhoging vir 2025.




TEL: (011)782 6226/7 • Malibongwe Rylaan •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

- Wat personeel betref, voorsien die Gautengse Departement van Onderwys die skool van 37 poste *(1 x hoof, 2 x adjunkhoofde, 6 x departementshoofde en 28 x onderwysers).* Die Beheerliggaam het aanvullend hiertoe 'n aantal personeel in diens ten einde klasgroottes te beperk en só die hoë gehalte van onderrig in elke klaskamer te verseker. Vir 2025 bly die departementele toewysing onveranderd, waarvoor ons baie dankbaar is gegewe die mediaberigte rondom afskaling van poste. Vir 2025 handhaaf ons derhalwe *status quo* met die hoeveelheid onderwysers en sal slegs bedankings met nuwe personeel vervang.

Hoërskool Randburg moet toenemend sy diensaanbod bly verbreed om in die mark 'n goeie opsie as dié noodwendige keuse van 'n hoërskool te skep. Ons dienste strek oor vier hoofareas, nl. akademie, kultuur, sport en persoonsvorming. Ons is "die skool waar elkeen 'n ster is" en fokus op mense, diens, trots, waardes en geleenthede ten einde gestelde doelwitte te bereik.

Gepaardgaande met die kernaanbod van kwaliteit akademiese onderrig, poog ons dus ook om deurlopend ons fasiliteite te verbeter om toenemend meer geleenthede vir ons leerders te bied.

**Gevestigde voorbeelde sluit in:**

- Die brug oor Malibongwe wat leerders en besoekers se veilige beweging verseker.
- Die meerdoelige sportsentrum wat binnenshuise fasiliteite vir krieket, skiet, hokkie (en spoedig ook gholf) huisves en ook suksesvol as uitstalruimte vir vanjaar se beroepsuitstalling gebruik is.
- Ons *Educatio Atrium* het hom al herhaaldelik as 'n reuse aanwins bewys.
- Ons netbalbane was vanjaar vir die eerste keer die gasheer vir Gauteng en Nasionale Skolenetbalkampioenskappe asook ons eie netbaltoernooi gedurende die April-vakansie. Die dak met sy ligte word elke Maandagaand gebruik vir *Monday Night Lights* – 'n groeiende, plaaslike netbalreeks. Ons is baie opgewonde oor 'n borgskap wat geoormerk sal wees om al ons netbal- en tennisbane met beligting toe te rus – meer hieroor binnekort.

Dit is 'n prioriteit om hierdie momentum te behou om huidige leerders effektief te dien en voornemende leerders te lok. Die wins aan leerders oor 'n periode van vyf jaar is beduidend.

**Wat doen ons nou en hoe dink ons oor ons skool vorentoe?**

**1 Terreinbestuur:**

a. Ons is besig met kwotasies en navorsing om elke klaskamer op ons skoolwerf met drie doelwitte in gedagte, op te gradeer – modernisering van tegnologie, estetiese vernuwing en funksionele verbeterings om toekomstige onderhoud te beperk.

b. 'n Professionele, pro-aktiewe onderhoudsplan word gefinaliseer sodat ons volgens 'n vaste skedule terreinitems diens en/of vervang om op die langer termyn koste te bespaar.

**2 Finansiële bestuur:**

a. Ons evalueer indringend die elektrisiteitsverbruik van die skool en ondersoek verskeie opsies wat ons maandelikse koste sal verminder.

b. Ons spaar elke jaar om kapitale projekte aan te pak sonder dat dit noodwendig skoolgelde onnodig verhoog. Ons het bv. die koste van ons brug oor 'n vyf jaar periode verhaal vanaf ons skoolgelde per begroting en kan nou weer 'n nuwe projek aanpak.

c. Die Beheerliggaam het ook reeds 'n tyd gelede op 'n minimum saldo in ons reserwerekening besluit ten einde die bedryfskostes van die skool onafhanklik van enige inkomste vir 'n periode van ongeveer ses maande te kan dra. Hierdie balans word streng gehandhaaf.

d. Daar is 'n behoefte om nog 'n skoolbus aan te koop om leerders soggens skool toe aan te ry. Ouers betaal vir die vervoerdiens en dan is die bus verder beskikbaar om aan die veelvuldige vereistes vir vervoer na sport en ander byeenkomste te help voldoen, sodat ons een minder bus hiervoor hoef in te huur.

## 3 Nuwe ontwikkelings onder oorweging:

a. Die stoepe gons oor 'n plan om 'n hokkie-*astro* by ons skool op te rig. Inderdaad is ons besig om die wenslikheid van so 'n fasiliteit te ondersoek. Ons hokkie groei en presteer toenemend en gegewe die uitdagings dat skole weier om op gras deel te neem, sowel as huur- en vervoerkostes vir die gebruik van ander *astros*, word die behoefte aan 'n eie gerief 'n werklikheid. Ons glo dat die bou van 'n *astro* ons skool se kompeterende aanbod substantief sal verhoog met 'n aanwas van leerders en verhuring van die fasiliteit sou 'n inkomste kon genereer. ***Maar die rasionaal en gepaardgaande praktiese implikasies word tans nog deur die Beheerliggaam, in konsultasie met verskeie kundiges, ondersoek.***

b. Indien 'n *astro* gebou word, sal die oorblywende area ook vernuwe moet word. Daar is steeds voldoende ruimte vir 'n standaard krieketveld (sien onderstaande twee sketse wat moontlike uitleg aandui), asook 'n B-rugbyveld teen die dienspad en B-grashokkieveld teen die sportsentrum en swembad.



## 4 Beplanning vir die toekoms

a. Die Beheerliggaam het 'n dinamiese strategie vir die skool in plek en dit verleen sterk rigting in besluitneming. Ons Beheerliggaam beskik oor die dienste van hoogs professioneel gekwalifiseerde individue wat onbaatsugtig hulle tyd en kundigheid gratis aan die skool lewer. Ons het groot dankbaarheid vir die erns wat gewys word in die beskerming van ons leerders, ouers en onderwysers se belange.

b. Daar is baie vrae en besprekings oor die BELA-wet. Ons glo ouers is bekend met die inhoud soos in die media berig en almal is bewus van die grasie wat die President verleen het rakende die klousules oor Taal- en Toelatingsbeleide van skole. Hoërskool Randburg se Beheerliggaam is by FEDSAS geaffilieer en ons bly deurlopend op hoogte van enige verwikkelinge. Ons voorspel dat die implementering van die gewysigde wetgewing hom in die publieke arena sal afspeel. Wat ons ook antisipeer, is dat die kapasiteit van 'n skool 'n deurslaggewende rol op die langer termyn gaan speel en daarom is dit belangrik dat 'n gemeenskap sy plaaslike skole ten volle sal bly ondersteun.

c. Die skool is tans besig om sy webwerf te hersien en 'n vars elektroniese publikasie behoort teen volgende jaar bekend gestel te word.

d. Aansoeke word teen 25 Oktober 2024 ingewag vir die volgende vakatures vir 1 Januarie 2025:

- Rekeningkunde-onderwyser: Graad 8 – 12
- Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO): Graad 10 – 12

Ons is op soek na dinamiese onderwysers wat 'n onmisbare bydrae tot ons skool kan lewer.

e. Die Beheerliggaam en Skoolbestuurspan is besig om al die skool se bestaande beleide te hersien. Een van die beleide is die gedragskode vir leerders en daar word voorsien dat 'n hersiene gedragskode vroeg in 2025 gepubliseer gaan word.

f. Afrikaans is in 2025 100 jaar oud en daar word reeds gewerk aan 'n 100-jaar fees vir Afrikaans by ons skool. Volgende jaar is ook weer 'n produksiejaar en ons is nou al opgewonde oor wat ons leerders op die verhoog gaan doen.

2024 was 'n besige, maar produktiewe jaar en ons werk hard daaraan om Hoërskool Randburg in 2025 na verdere hoogtes te neem.

Die woord Dankie is dalk vandag nie meer so sterk in ons woordeskat nie, maar vanaf skool en Beheerliggaam 'n groot Dankie aan elke ouer, onderwyser en leerder wat die belang van ons skool hoog ag. Die skool kan bloot nie meer in isolasie van krag tot krag gaan nie en is by uitstek die produk van die kumulatiewe inset van al sy rolspelers.

Ons skool is ons trots.

Groete

C. Le Roux: Voorsitter van die BL

P. Booysen: Hoof